

Nomades Voetslaanklub

Roete-terugvoer, Groep 2, met notas van groep 1.

Skeepswrak staproete 27 April tot 2 Mei 2016.

Port Alfred tot Groot Vis Rivier mond. Oos-Kaap.

(S33 36' 06.6" E26 53' 58.8" tot S33 29' 21.5" E27 07' 27.1")

6 Dae. 5 nagte op die stap, plus 'n nag voor en 'n nag na die tyd by die Bellevue Backpackers.

Helene Gertenbach, Marietjie Mitchell, Charl & Loretta Roux, Marius Stander en Liam Mitchell was die 6 persone in die tweede groep.

Die stappers in ons groep is tussen 1945 en 1999 gebore.

Die roete kan 'n maksimum van 12 persone per groep hanteer.

Ons breek die sowat 1100km se ry deur op Aliwal-Noord oor te slaap op pad soontoe Maandagaand en kies om die Dinsdagaand voor die stap by die Bellevue backpackers te oornag waar ons al ons kos indeel, verdeel en merk in Vries-, Droog- en Elkedag-sakke wat tydens die slenterstap elke dag vir aangery gaan word deur Charlie. Ons stap slegs met dagsakkies. Lekker Lui!

Woensdag oggend 8:00 kom Dave, die roetebestuurder, vir ons alles en nog meer vertel van hoe die roete werk, die merkers, en alles wat ons moet weet en wat hy dink ons moet weet. Gee vir ons meer detail roetekaarte, nood-prosedures en gety-inligting. Ons 'slenterbagasie' word deur Charlie in sy bakkie gelaai wat hy na die eerste oornaght aanry. Somige sakke gaan Vries en Yskas toe wat hy op die regte dae vir ons sal bring. Ons motors word in 'n skuur daarnaby veilig geparkeer teen R20 per dag. Ons betaal R100 per persoon vir Dave om ons na die beginpunt te vervoer en weer aan die einde te kom haal en terug te neem na ons motors. Dave laai ons af in Port Alfred by die Oostelike-Strand waar die Kowie rivier uitmond en waar ons ook dan die groepsfoto neem. Neem ons dagsakkies op en vat die pad strandlangs. Noord. Eers gewoond raak op die strand stap. Kies tussen kaalvoet, plakkies, of stewels.



Loop op droog of nat sand. Kyk vir die see, golwe wat breek, of die wye oop gladde strand hiervoor of verwonder jou in die skulpies wat spoortjies loop op die sand of die seevoëls wat rondom ons vlieg.

Soos die roete se naam aandui het hier in die omgewing heelwat skepe gestrand. Ons sien egter nie van die wrakke nie. Stap verby die

'blinde' rivier monding van die Rufane Rivier. Altyd iets intresant op die stand. As dit nie intresante

skulpe is nie, is daar altyd 'n stuk spoel-hout wat soos 'n draak of iets derglik lyk of iets anders wat uitgespoel het.



daar altyd 'n stuk spoel-hout wat soos 'n draak of iets derglik lyk of iets anders wat uitgespoel het.

Ons baken om die eerste dag die strand te verlaat na ons oornag by die Milkwood hut was die paal op die strand. Nou volg ons die geveerde anker pad-aanwysers. Volg die 'Anker kant', nie die tou-kant van die anker. 'n Bospaadjie deur ruie bosse. Oor 'n heining en 'n entjie oor 'n oop grasland. Dan skielik en onverwags hier voor ons die 'Milkwood' bos, waarbinne die kampie gelee is. Glad nie sigbaar van buite die bos nie. Sowat 8.5km gestap vir die dag.



Geen krag nie. Geen lig nie. Geen donkie nie. 'n Kouewater stort. 'n Spoel-toilet met 2 kante seil en 2 kante, wel, Bos, so ook die stort. Vuurgemaak en ketel gestook vir tee/koffie water. Geen gasstoof nie. Geen Yskas nie. Lekker basies. Die verblyf het heerlike dik matrasse in 'n winddigte geboutjie. Plastiek stoele en braairoosters, asook drinkwater uit kanne word voorsien. 12 Kan hier slaap in twee kamers. Heerlik, vleisie gebraai. Donderdag oggend vroeg begin vuur maak sodat ons die ketel kon stook vir warm water vir ontbyt. Elkeen met sy eie voorkeure en intresante



disse. Alles weer mooi ingepak sodat Charlie later weer ons bagasie kan deurneem na die volgend hut. Ons vat die pad. Ons is 'n klein groepie en die omstandighede maar baie anders as by die huis en ons 'voel' mekaar maar nog so bietjie uit. Terug deur die bospaadjie tot op die strand.

Tydens 'n breek swem Liam en Charl so 'n bietjie. Party van die ander soek koelte en ander soek son. Party soek klippe om op te sit en ander wil uit die wind wees. Keuses.....

Vandag stap ons steeds heelyd op die gladde strand, maar daar is heelwat intresante rotse met vreemde vorms op die branderlyn. Dan ook die sagte skuim wat plek-plek so uitspoel. Ons eie voetspore begin ons fasineer. Nog steeds geen skeepswrakke nie, maar darm 'n ou stuk bamboes vol skulpe. Wie weet van waar. 'Poele' of holtes dan ook so op die strand wat met hoogwater gevul is en nou alleen lê. Verby Riet-punt. Tot by die groot Riet rivier sowat 5km gestap, waar ons indraai binneland toe verby 'n groepie huisies langs die rivier. Ook heerlike swemplek hier by die riviermond.

Oor die R72 pad en dan nog sowat 4km hoofsaaklik langs die rivier op deur bosse tot by die 'Tree-houses'. Sowat 13.5km vir die dag gestap. Die laaste entjie weer langs 'n stroompie en dan weereens skielik is die houtstruktuur van die groter boomhuis net regs van jou oorkant die stroompie. Hier is 'n Lae boomhuis met ooper kante en 'n hoër boomhuis met 3 wendyhuises op 'n groot houtdek. Self 'n hangmat. Luuks!



Longdrop. Weer geen krag of lig nie. Drinkwater weer uit kanne. Waswater uit die rivier, kook op die vuur. Stortsak moet gevul word en agter die seil-skuiing oorkant die rivier gestort word. Lekker piekniek styl bankies en tafeltjies. Hier sou twee groepies kon bly met die dat daar twee 'kook' area en twee boomhuise is. Hier is ook 'n groterige dammetjie waarin mens sou kon swem. Die aflaai plek vir die bagasie is 'n entjie weg en ons almal moet help ons sakke en kos asook hout vir kook net aan te dra na die kamp toe vanwaar Charlie kon stop om dit af te laai. Ons slaap almal in die hoë boomhuis.



'n Heerlike kamp. Die groot boomhuis sowat 7m bo die grond. Stewig met kettings en toue in die mikke en aan die takke van die ou bome vasgemaak. Netjies. Karaktervol. Jy kan of met 'n 'leer' en luik opklim boontoe of met 'n ietwat wankelrige loopplank met 'n tou aan die eenkant 'n dunrige bamboes aan die anderkant ooploop. Verkieis wil nie in die nag wil 'kamer verlaat' nie.



Vrydag oggend loop ons 'n entjie weer terug op dieselfde padjie waarmee ons ingeloo het deur die digte bosse en breek dan weg by die 'vistok en tekkie' baken na die 'Three sisters hut'. Vandag loop ons nie 100% die gewone roete nie, aangesien die padwerke aan die R72 maak dat die stappers nie die duikweg onder deur pad nou kan gebruik nie. Dave het wel baie mooi verduidelik hoe en oor watter heinings en wat ge-elektrofiseer is om die beeste binne te hou en waar ons moet loop en oorgaan en afdraai. Vele van die heining pale hier is dan ook duidelik ou dryfhout met mosse en baarde aan. Vreemd maar tog so mooi. 'n Enjie met die grondpad geloop en dan oor die R72 en ingeloo by die 'Three sisters perderitte' bord. Dan is ons by ons hut vir nag Drie van die die Stap. Twee dae se stap



is al verby.



Gou ons hut ondersoek waar ons bagasie reeds vir ons wag, veilig toegesluit in 'n kamertjie waarvan ons die sleutel het. En toe besluit ons om af te stap strand toe om na die drie sussies te gaan kyk. Die stappers wat die 'kano' opsie neem (dis ons) loop nie normaalweg 'daar verby' nie. Die paadjie gevind en weg is ons. Ons het nog 'n paar ure lig-tyd. Die drie susters is drie groot rots formasies by mekaar in die see, waarvan die middelste die grootste is en waarop 'n lekker paadjie / lussie om/oor loop. Dit raak koud en die wind steek kwaai op. Mooi en vreemde plantegroei. Skerp rotsformasies en branders wat slaan en kolk. Nie 'n oomblik se stilte hier nie. 'n vreemde landskap hier op die 'eiland' tussen die see en die strand, veral tydens hoogwater. Dit begin



reen en die wind waai. Ons is nog 'n entjie se loop weg van ons hut af. Reenjasse en ponsjos aan. Beur teen die wind. Vind weer ons paadjie tussen die duine en dit raak beter as ons eers weer op die 'bos-plato' tussen die bosse is. Terug by die hut kon ons darm 'n braai-konka nader sleep en vuur maak vir braai en koffie onder 'n afdakkie voor ons voordeur.

Die hut is vroeër gebruik vir militere doeleindes en die uitleg is steeds onveranderd. Afgeskorte hokkies vir 2 manskappe elk en 'n kamer vir die met hoër range. 'n Lekker groot kuier/eetkamer waar ons die middag/aand ook bietjie kaart speel. En 'n kombuis wat in werklikheid net 'n kamer met kaste in is. Geen krag hier nie. Geen yskas, geen kookplate nie. Geen lopende water in die huis nie. Twee toilette buite en 2 watertens. Een vir drink en een vir was. Lekker matrasse. Genoeg hout. Basies en lekker wind/reen-dig, maar karakterloos en bietjie naby aan die hoofpad.



Ons het sowat 7 km vir die dag gestap sonder die sowat 3km retoer ekstra na die 3 SussiesRotse. Dave kom sien ons die middag en noem opsies as die weer en wind nie volgende dag sou saamspeel nie en ons nie sou kon

roei nie. Soms as die wind stroom-af waai en ons roei strooiop, sou dit kon moeilik raak. Ons moet die weer maar dophou en as dit môre-oggend billik lyk, sal ek Dave bel sodat hy ons kan ontmoet by die roei-beginpunt, andersins sou daar alternatiewe beplan word. Aand gebrui. Bietjie rokerig so onder die afdakkie. As die weer mooi is, is daar 'n lekker bos-braai hoekie tussen die bosse met lekker bankies. Party geniet hul braaivleis, ander hul smash en soya.

Saterdagoggend (dag4) waai die wind nie te erg nie en dit is mistig en grou maar nie werklik reen nie. Die groep besluit ons roei vandag. Dis is mos waarom ons hierdie Stap/Roei kombinasie gekies het en nie enige ander roete nie. Ek bel Dave en hy gaan kry die kanos reg vir ons. Ons stap deur die perdekamp, dan 'n stukkie met 'n 2-spoorpaadjie en dan 'n stukkie bos. Dit is mistig en koud, Bietjie reen kom nou by. maar die





wind waai nie te erg nie.

Ons loop sowat 3km tot by die Kleinemonde Wes Rivier. Ons ontmoet Dave daar. Alles is reg. Die kano's, spane, reddingsbaadjies, en die 6 opgewonde, onseker, roeiers. 'n Paar van ons het nog nie werklik geroei nie, en met die' langerige afstand van sowat 8.5km wat ons moet roei wonder mens maar of ons dit gaan maak. Instruksies gekry hoe om in en uit te klim, en die wat, waar hoe van die dag se roei en ons is weg. LEKKER!. Ek moet probeer in pas bly met my roeigenoot se roei-ritme en ons moet ooreenstem oor waar op die bree rivier wil ons roei. Daar is gesê ons bootjie het soms soos 'n windmeul gelyk met spane in alle rigting. Maar ons het beter geraak soos dag verloop het. Groep 1 het blykbaar weer 'hul name Reg-oor die



rivier geskryf!' Prettig, Avontuur, Anders, Nat, Moelik, Moeg, Rus, Rondkyk, Heerlik!.



Die reentjie begin later weer bietjie val en ons roei in die reen. Dan kom die sonnetjie uit, maar ons is nou klaar nat. Bietjie ontspan. Nou is dit beter met die son op ons lywe. Die bree oop plat rivier maak later plek vir 'n kronkelende kleiner stroompie. Hier en daar 'n klein eilandjie in die middel. Kies hier vir 'n klip wat uitsteek of net onder die water lê. Vinnig van rigting verander as die oewer nader kom, of dit is dit ons wat rigting beduiweld is. Laag buig hier en daar



onder takke deur. Baie voëls ook langs die rivier op die oewers gesien. Mooi plantegroei al langs die ongerepte rivier oewers. Geen groot ontwikkelings nie. Net bos. As ek reg onthou het ons op een plek 'n klein braai/piekniek area gesien en ons het 'n keer of wat onder kraglyne deur geroei. Verder net natuur. By die duidelike gemerkte eindpunt van die roei-seksie aangekom. Arms voel maar moeg en ons sleep die kano's uit die water, omgekeer en spane en reddingsbaadjies onder gebêre. Probeer droog kom, bietjie asem geskep en rugsakke op. Nou so 3 km of wat na ons oornaght.



Deur die bosse tot by die reservaat heining waar ons met die gegewe sleutel deur 'n hekke kon gaan. Nog 'n entjie, hier in die reservaat area hoofsaaklik op grond voertuig paadjies. Verby 'n dammetjie en dan is die



Lily pad hut, ons oornag bestemming vir die aand. Ons ondersoek die kamp. Charl is nog nie moeg nie en probeer eerste met die hout wat maar bietjie natterig is en sukkel om te brand, die donkie aan die gang kry. Hy het gou sukses. Ons kan warm stort vannaand. Liam pak die braai-vuur. Bietjie minder sukses. Later wel. Hier is twee groot hutte, met 'n groot kuier dek tussen in. Ons maak asof dit Maandag-wasdag is en probeer

alles wat nat is, wat die meeste buitelaie klere is, droog kry deur dit oral te 'drapeer'. Die hutte het elkeen 6 ingeboude stapel beddens. Die 'mure' is egter net rietjies en die windjie weet nie hy moet buitebly nie. Ons het meer as genoeg 'vars' lug. Ek kry koud. Weereens geen krag of lig nie. Longdrops. Mooi uitsig vanaf die dek op die stroom hieronder ons. Ons is IN die bosse. 'n Baie mooi kamp en die beste toegerus, alhoewel die badkamer en stort geriewe 'n entjie die bosse in is. Die onderdak/kombuis area is die netjiese nog op die roete. Sitbankies reg rondom, geplaveide vloer. 'n Wasbak area en potte en panne en ketel. Selfs 'n afdroograkkie en skottelgoedseep. Genoeg drinkwater word in kanne verskaf. Baie netjiese 'lampies' wat met parafien en pitte werk rondom die kombuis area.




Dit is dag 5. Sondagoggend. Ons het later rustig geraak en goed geslaap. Keteltjie gestook en koffie gemaak. Ontbyt geniet. Ons stap die sowat 3km terug tot waar die kano's vir ons wag. Bietjie die pad verloor in die reservaat area, aangesien die roete-merkers nie werklik rigting aandui nie en soms maar skraps is. Maar ons vind ons pad en kom reg. By die kano's ons dagsakkies weer



in ons waterdigte sakke gesit, reddingsbaadjies aan en kano's in die water. Rustig oppad. Ons is almal Baie bly ons het besluit om te roei. Dit is/was werklik 'n wonderlike ervaring. So anders, so rustig op die water met die ongerepte natuur rondom jou. Op 'n punt stop ons en laat Dave weet waar ons is sodat hy ons kan kom ontmoet by die eindpunt van die roei. Ons roei rustig verder. Rus en Roei. Die laaste entjie wil ons nie vinnig nie. Ons wil nog op die water wees. Maar ons moet klaarmaak. Ons sien Dave op die oewer en roei nader. Dis klaar. -); Vandag het die son geskyn. (-):



Nou weer op die strand. Lekker. Spoorjies gesoek, vergesigte oor die groot wye see met sy branders. Intresante plantegroei. Ons loop deur die area waar die strand nouer raak en die baie skulpies lê en bietjie opgetel. Ons moes net daarna afgedraai het by die 'kersfeesbome' soos



Dave dit beskryf het, maar ons mis mekaar so bietjie en ons mis die afdraai. Ons stap bietjie verby, besef dit, draai om en vind die afdraai. Nou het ons Dubbel waarde, dubbel soveel see gesien vir ons geld! Vir die' stukkie. Ons wil mos by die see wees!

Ons maak die 'viering' van die vind van die afdraai somer dan ook ons middagetestop en volg daarna die 'Stone Cottage' bordjie. Deur die bosse. Oor die duine. Paadjies op en af. Ons stap bietjie oor 'n plaas area en dan is ons by die oornag geriewe. Gebou rondom 1848 deur die Clayton familie. Die binne-houtwerk het op 'n tyd afgebrand en is herbou in 2001, maar die mure is oorspronklik. 'n Ander groepie, wat net twee dae gestap het, deel vanaand die hut met ons. Stone Cottage is 'n dubbelvlak klipgebou met die kombuis, kuier/sitkamer en enkelbadkamer met stort, pootjiesbad, en die ander gewone geriewe. Die hut het krag en dit was vreemd om net 'n ketel te kan aansteekskakel of 'n pot op die elektriese stoof te kon sit. Geen donkie om te stook nie. Ons braai somer in die binne-braai/kaggel. Dit is lekker warm en gesellig hierbinne, veral na die koue aand by die Lilypadhut. Die enkelbadkamer is net bietjie min vir ons 10 persone. Daar is ook buite 'n groot braai-area sou die weer dit toelaat. Almal kuier lekker die aand saam. Ons mede-stappers kom van Port-Elizabeth. Charl en span speel weer bietjie kaart. Sommige sorteer hul pakasie uit en ander ontspan net. Daar is ook



Die oggend, Maandag, vakansiedag, besluit sommige om weer dieselfde paadjie wat ons oor die plaas ingeloopt het terug te loop tot op die strand. So helfde van die Nomade groepie en die PE groepie loop padlangs na die lighuis. Die lighuis groepie geniet die mooi uitsigte van die hoogte af toe ons by die netjiese terein van die 'Great fish point' Lighuis aankom, oorspronklik gebou in 1898, geniet 'n versnapering hier uit eie voorrade. Hier is ook verblyf te huur en as dit nie vakansiedae is nie, kan 'n toer deur die lighuis geneem word soos groep een inderdaad gedoen het.

Ons vind die paadjie af strand toe en ontmoet die res van ons groepie onder op die strand. Ons stap die laaste entjie al langs die strand. Geniet die laaste see-uitsigte en terug-uitsigte op die lighuis. Ons stap almal saam tot by die Groot vis rivier en dan op na die pad. Charl en Liam loop/swem somer regdeur na die Fish river Diner,



waar ons sitplekke inneem en 'n heerlike middagte geniet. Wat ons nie self hoef te maak nie. Ons hoef nie vuur te maak nie. Ons kan net bestel en geniet. Ons laat Dave weet ons is amper klaar ge-eet en hy kom haal eers die PE spannetjie wat hy terugneem na die Kleinemonde polisiestasie waar hul voertuig geslaap het. Dan kom haal hy ons en nadat die voertuie gekry is en ons afgelaai is by Bellevue backpackers is die stap amptelik verby.

Nou net rustig raak en pakasie uitsorteer. Charl en sy ma gaan nog 'n paar dae by Hogsback kuier, die res ry die volgende dag deur terug na PTA.



Magda het terugvoer gegee op Groep een wat vanaf 23 tot 28 April 2016 gestap het was : Cornea Maree, Magda Grobler, Janie Steinmann, Illizette & Piet van Immerzeel, Norma Grotius, Wilna Moolman, Christo Vlok en Jan. 9 Siele. Net agt het geroei. Dit moet altyd ewe getalle wees. Ek het haar notas bietjie verkort en dubbelfeite uitgehaal. Dankie Magda vir jou skrywe. Nou kan ook ook so bietjie deel in jul ervaringe. (Fotos hieronder ook deur Magda)

Die 1e dag van aankoms was verskriklik deurmekaar vir almal omrede ons, ons goedere moes her-verpak in houers vir "every day", "hut 1 fridge", "hut 1 freezer" ens tot by laaste dag. Dit het letterlik 'n uur of 2 geneem om alles te herverpak.

Dag 1 Saterdag 23e Milkwood : Dag 1 se stap het begin deur Dave wat ons erg goed ge"brief" het oor wat om elke dag te verwag en tot slang fotos vir ons gewys. Ons het ons voertuie geneem na 'n "skuur" waar almal geparkeer het vir tydperk van roete. Ons is laterig oggend vandaar na beginpunt op die Oostelike strand waar ons die eerste dag erg wind gehad het, maar tog heerlike stappie, kon net nie op strand sit en middagete eet nie want jou mond waai vol sand. Milkwood hut was baie oulik en tot 'n spoeltoilet gehad. Hier het van ons groep mense agter gekom dat hulle nie juis vir die 1e aand kos ingepak het, met ons geharwar met die pakkery nie, maar gelukkig het hulle darem wyn gehad om te drink!!

Dag 2 Sondag 24e Treehouses : Dag 2 was lieflike dag op strand, en deur die woud na boomhuise. Elkeen moes sy eie bagasie hier dra tot by boomhuise. 4 dames het in "ou" boomhuis geslaap, wat totaal oop is, soos regte kinderboomhuis. Ons het almal in rivier gaan 'bad' en jy het hier en daar gille gehoor van koue. Wakker geword met my verjaarsdag deur apies en voëlgesang. Die hele groep het vir my "lekker verjaar ou maat" gesing wat baie spesiaal was.



Dag 3 Maandag 25e Three sisters hut : Dit was 'n kort stap vir dag en ons was baie vroeg by

3 sisters. Party het na die winkel daar naby gestap en 'voorrade' gaan koop. Ander het die rots met gat gaan bekijk. Wilna het vir ons 'n bottel sjampagne gereel vir aand, dus het ons lekker verder verjaarsdag gevier.

Dag 4 Dinsdag 26e Lillipad : Enigste dag wat ons vroeg begin aanstalties maak omdat ons 9h00 by Kleinemonde moet wees vir roei, dankie tog ons het steeds baie mooi weer, amper geen wind. Hier is Norma saam bagasie vervoer na volgende hut. Die roei was beslis hoogtepunt van die hele stap. Het gesukkel om reg te kom, oor hele rivier ons name geskryf, tot ons die slag gekry het. Voorreg gehad om likkewaan binne in die water te kry, asook Blou reier wat heelyd opvlieg en gaan sit voor ons, so asof hy die pad aanwys. Het by 4km gestop en uitgeklim, ietsie ge-eet en drink en Wilna en Christo het by my en Janie kom "kuier". hier het ons reuse sprinkaan gekry, en ons eie voete en tone vol modder, en groot pret. Die stap na roei was pragtig met baie wild en selfs kameelperde in verte teen rand. Hier het ons Norma in veld raakgeloop waar sy vir ons groep gewag het.



Dag 5 Woensdag 27e Stone Cottage : Groep los Norma weer by bagasie om vervoer te word na waar ons eindpunt van roei is. Was windstil op rivier en jy kon met jou spane op bootjie sit en rustig wees vir 1e 6km. Laaste 2 km moes ons egter werk teen 'n verskriklike wind wat ons bly regs in die kant van die rivier ingedruk het. Ons armpies het geweet ons het geroei toe ons klaar is. Hier sluit Norma weer by ons aan en hele groep gaan eeteers by die Kleinemonde winkeltjie vis en chips!! Vertoeft nogal lank hier, omdat 9 mense wat vis en chips en drank wil hê toe die ou stil winkeltjie se mense laat voel soos nagmaal op pofadder!! Weer strandlangs en op deur die duine, waar Illizette amper op 'n pofadder trap. Verder deur boere se plase met baie beste. Bulle kyk grootoog na party van ons wat effens helder gekleurd is, en ons hou ons maar klein tussen die ander stappers! Liewers bangjan as dooiejan! Van ons groepie besluit om in die cowboy bad van Stone Cottage te bad

Dag 6 Donderdag 28e Bellevue : Dit was swaar gemoedere wat ons almal die laaste dag begin stap het na ons eindbestemming. Ons het besluit om na die ligtoring te gaan kyk wat in 1898 gebou is. Ons kon teen 'n klein fooi 'n praatjie bywoon van die Ligtoring se Martin Petersen wat vir ons vertel het hoe presies ligtorings werk en hoeveel daar in wereld is. Daarna het ons 'n toertjie binne in die ligtoring gevat, en na heelwat trappe was ons heelbo met baie mooi uitsig. Ligtoring het ontsaglik baie koper en speels aan die binnekant. Aan die einde van ons stappie het almal weereens by die restaurant by die Visriviermond ietsie gaan eet. Ons het presies om 13h50 die Skeepswrakroete klaar gestap! Hier het Dave ons kom oplaai na ete. Die aand by Bellevue, was die ligtoring interessant, want ons het geweet die lig moet elke 10 sekondes verby ons oë draai... en hy het!! Wonderlik!



Ons het heelyd fantastiese weer gehad. Illizette was die voorbeeld onder die klomp van ons en het sakke vol vullis op die strand opgetel en saamgedra tot waar sy dit kon weggooi. Ons het die voorreg gehad om letterlik sakke vol pampoenskulpies op te tel op die strand en saam terug te bring Pretoria toe vir herinnering Die Skeepswrak het gevoel soos 'n reuse vakansie en nie 'n staptoer/roei toer nie. Nie een van ons was enige tyd stip verveeld of moeg gestap of geroei nie, en die roete word sterk aanbeveel.

Ons het direk by Skeepwrak se roete-bestuurder Dave Marais bespreek. Sien <http://www.shipwreckhiking.co.za/> (adrift@mweb.co.za), 046 675 1321 / 082 391 0647) vir meer inligting.

Finansies Groep 1&2: (Ons vra per R1475 per lid en R1550 per nie-lid)
 Stap alleen R900 pp, R140 per nag by Backpackers. R270pp bagasie vervoer. R25 Klubfooi(Lid).
 Inbetalings : **R 20,800.00**
 Groep1 Inbetalings (8 persone): R 11,800.00
 Groep2 Inbetalings (6 persone): R 9,000.00
 Uitbetalings : **R 20,480.00**
 Groep1 Stap en Roei(8 persone) : R9440
 Groep1 Bagasie Vervoer 6 dae : R2000kt
 Groep1 Charcole en Chips : R210
 Groep2 Stap en Roei (6 persone): R7080
 Groep2 Bagasie Vervoer : R1750kt
Projek Surplus : R 320.00

Elke groep en persoon betaal daar R20 per nag vir die 5 nagte om jou motor in 'n toesluit skuur te stoor. Plus dan vra Dave ook R100 per persoon vir die vervoer na die beginpunt en om jou weer by die eindpunt te kry en terug te bring na jou motor toe.

Vriendelike stapgroete,

Marius Stander.

www.Nomades.co.za vir meer stapverslae en Nomades se kontak inligting en jaarprogram.
MariusStanderPTA@gmail.com

